

Rede vir kennisgewing: Toegang verleen - Artikel 25(2)

Verw. no. :

Inrigting se briefhoof

Navrae :

KENNISGEWING DAT DIE VERSOEK TOEGESTAAN IS INGEVOLGE ARTIKEL 25(2) VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)

Ek verwys na u versoek om toegang tot bepaalde rekords van hierdie inrigting gedateer _____ .

U word hiermee in kennis gestel dat toegang tot die inligting/rekords wat versoek is, **toegestaan** is. Die **vorm** van toegang wat verleen word, is as volg:

*Soos deur u versoek, sal die rekord in die verkose vorm beskikbaar gestel kan word.

*U het die inligting in 'n bepaalde vorm versoek, maar toegang daartoe kan egter nie in dié vorm verleen word nie omdat _____ .

Toegang sal in die vorm van _____ aan u verleen kan word.

*Die rekord is nie in die **taal** wat u versoek het, beskikbaar nie en gevolglik sal dit in _____ verskaf word.

Toegangsgeld

Ingevolge artikel 25(2)(a) van bogemelde Wet moet u toegangsgeld van R_____ betaal. Dit is die koste vir die maak van afskrifte van 'n rekord/transkripsie van die inhoud en/of posgeld en/of tyd wat redelikerwyse benodig word om die rekord op te spoor of om reëlings daarvoor te tref. Toegang sal eers na betaling van die toegangsgeld verleen kan word.

Bogenoemde toegangsgeld is bereken ooreenkomstig voorgeskrewe tariewe en is uiteengesit in die aangehegte faktuur.

Reg tot appèl

Ingevolge artikel 25(2)(c) van bogemelde Wet kan u 'n interne appèl teen die **betaling van die toegangsgeld** of die **vorm** van toegang wat toegestaan is, aanteken. Indien u wil appelleer, sal u die interne appèl ingevolge die bepalings van artikel 74 van bogemelde Wet aan die Tersaaklike Owerheid (Hoof: Onderwys, Wes-Kaap Onderwysdepartement) moet rig.

Ingevolge die bepalings van artikel 75 van bogemelde Wet, moet die interne appèl binne 60 dae op die aangehegte voorgeskrewe interne appèlvorm (VORM C) by die Inligtingsbeampte van hierdie inrigting afgelewer of aan hom of haar gestuur word:

Adres: Persoonlik afgelewer by : _____
Gepos aan : _____
Faksnommer : _____
E-posadres : _____

Indien u nie tevrede is nie nadat die interne appèlprosedure uitgeput is, kan u deur middel van 'n aansoek binne 30 dae by 'n hof om paslike regshulp aansoek doen.

ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE

DATUM:

**Skrap wat nie van toepassing is nie.*